**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidentskap



# Na Liefde, Wat Dan?

Ons geliefde profeet, President Thomas S. Monson het geleer dat "liefde die ware kern van die evangelie is."[1]

Liefde is so belangrik, dat Jesus dit "die eerste en groot gebod" genoem het, en het gesê dat elke ander gedeelte van die wet en die woorde van die profete daar aan hang.[2]

Liefde is die sentrale motifering vir alles wat ons in die Kerk doen. Elke program, elke vergadering, elke aksie wat ons aan deel neem, as 'n dissipel van Jesus Christus, behoort hierdie eienskap as 'n afspring punt te hê — want sonder naasteliefde, "die suiwere liefde van Christus," is ons niks nie.[3]

Wanneer ons hierdie beginsel met ons verstand en hart verstaan, en wanneer ons, ons liefde vir God en ons medemens verklaar het — wat dan?

Is dit genoeg om net meegevoel en liefde vir andere te voel? Wanneer ons, ons liefde vir God en ons naaste verklaar, is dit genoeg om ons plig aan God te voldoen?

### Die Gelykenis van die Twee Seuns

By die tempel in Jerusalem, het die hoof priesters en ouderlinge van die Jode, Jesus genader om Hom in Sy eie woorde uit te vang. Die Verlosser het egter die tafels op hulle gedraai, deur aan hulle 'n storie te vertel.

"'n Sekere man het twee seuns gehad," het Hy begin. Die vader het na die eerste gegaan, en hom gevra om in die wingerd te gaan werk. Maar die seun het geweier. Later het daardie seun hom "bekeer en gegaan."

Die vader het toe na die tweede seun gegaan, en hom gevra om in die wingerd te gaan werk. Die tweede seun het hom verseker dat hy sal gaan, maar hy het nooit gegaan nie.

Die Verlosser het toe na die priesters en ouderlinge gedraai en gevra, "Watter een van hierdie twee seuns het die wil van sy vader gedoen?"

Hulle moes toe erken dat dit die eerste seun was — die een wie gesê het dat hy nie sal gaan nie, maar toe bekeer het en in die wingerd gaan werk het.[4]

Die Verlosser het hierdie storie gebruik om 'n belangrike beginsel te beklemtoon — dit is diegene wie die gebooie onderhou, wie waarlik God lief het.

Dit is dalk hoekom Jesus die mense gevra het om na die woorde van die Fariseërs te luister, maar nie om hulle voorbeeld te volg nie.[5] Hierdie godsdienstige leraars het nie die woord gevolg nie. Hulle was baie lief daarvoor om oor godsdiens te praat, maar ongelukkig het hulle die kern daarvan gemis.

### Aksies en Ons Saligheid

In een van die Verlosser se finale lesse aan Sy dissipels, het Hy met hulle gepraat oor die finale Oordeel. Die goddeloses en die geregtiges sou geskei word. Die geregtiges sal die ewige lewe erf; die goddeloses sal vir 'n ewige straf oorgelewer word.

Wat was die verskil tussen die twee groepe?

Diegene wie hulle liefde, deur hulle aksies gedemonstreer het, is gered. Diegene wie dit nie gedoen het nie,

is veroordeel.[6] Ware bekeering tot die evangelie van Jesus Christus en die waardes en beginsels daarvan, sal sigbaar wees, deur ons aksies in ons daaglikse lewens.

In die einde, sal 'n verklaring van ons liefde vir God en ons medemens, nie genoeg wees om ons vir die ewige lewe te kwalifiseer nie. Want soos Jesus geleer het, sal "Nie elkeen wat aan My sê, Here, Here, in die koninkryk van die hemel ingaan nie; maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is."[7]

### Wat Kom na Liefde?

Die antwoord op die vraag "Na liefde, wat dan?" kan eenvoudig en reguit wees. Indien ons die Verlosser waarlik lief het, sal ons, ons harte na Hom toe draai en dan in die paaie van dissipelskap loop. Wanneer ons God lief het, sal ons daarna strewe om Sy gebooie te onderhou.[8]

Indien ons waarlik ons medemens lief het, sal ons uitreik om "die armes en behoeftiges, die siekes en die geteisterdes" te help?[9] Want diegene wie hierdie dade van meegevoel en diens lewer,[10] dieselfde is die dissipels van Jesus Christus.

Dit is wat na liefde kom.

Dit is die kern van die evangelie van Jesus Christus.

**NOTAS**

1. Thomas S. Monson, "Liefde, die Wese van die Evangelie," *Liahona,* Mei 2014, 91.
2. Sien Matthéüs 22:36–40.
3. Sien Moroni 7:46–47.
4. Sien Matthéüs 21:28–32.
5. Sien Matthéüs 23:3.
6. Sien Matthéüs 25:31–46.
7. Matthéüs 7:21.
8. Sien Johannes 14:15.
9. Leer en Verbonde 52:40.
10. Sien Mosia 18:8-9.

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

President Uchtdorf definieer ware dissipels van Jesus Christus, as diegene wie hulle liefde vir Hom en vir andere wys, deur hulle aksies. Hy leer ons dat "indien ons die Verlosser waarlik lief het ons, ons harte na Hom sal draai en dan in die paaie van dissipelskap sal loop." Oorweeg dit om diegene wie jy besoek, te vra, op watter manier, liefde, hulle gemotifeer het om in die paaie van dissipelskap te loop. Jy kan dalk van jou eie ondervindinge met hulle deel. Jy mag hulle dalk wil uitnooi om vir meer naasteliefde te bid, asook vir die krag om met meer liefde te dien.

## JEUG

## Onderhou die Gebooie en Wees Lief vir Andere

Wanneer ons aan liefde dink, mag die eerste ding waaraan ons dink, dalk romantiese flieks, sjokolade en blomme wees. Maar liefde — *ware* liefde — is baie dieper en baie meer selfloos as dit. Jesus Christus het vir ons gelewe en gesterwe, vanwee Sy liefde vir ons. Waarlik die twee groot gebooie is om God en almal lief te hê (sien Mattheus 22: 36–40). Hoe kan ons, aan *andere* wys, dat ons hulle lief het?

President Uchtdorf deel Christus se gelykenis van die twee seuns, een wie vir sy vader gewerk het, en een wie nie. Die Verlosser maak die punt dat slegs die seun wie gehoorsaam was aan sy vader, hom waarlik lief gehad het. Soortgelyk, wanneer ons God se gebooie onderhou, wys ons dat ons Hom lief het en na Hom toe wil terug keer.

Maar hoe wys ons, ons liefde aan andere? President Uchtdorf verduidelik dit ook: "Indien ons waarlik ons medemens lief het, sal ons uitreik om 'die armes en behoeftiges, die siekes en die geteisterdes' te help. Want diegene wie hierdie dade van meegevoel en diens lewer, dieselfde is die dissipels van Jesus Christus."

So die volgende keer wat jy jou ouer, 'n broer of suster, of 'n vriend not friend sien, dink aan hoe jy hulle kan dien om sodoende jou liefde vir hulle te wys. Dit sal nie net vir hulle en vir jou geluk bring nie, maar dit sal ook jou Vader in die hemel baie gelukkig maak.

## KINDERS

## Toon Liefde

Jesus het 'n storie gedeel van 'n vader en sy twee seuns. Die vader het in die wingerd gewerk en het sy twee seuns gevra om te help. Die eerste seun het eers nee gesê, maar het later in die wingerd kom help. Die tweede seun het gesê dat hy sal help, maar hy het nooit gegaan nie. Jesus het geleer dat die eerste seun meer liefde vir sy vader getoon het, deur gehoorsaam te wees.

Maak 'n toneelspel van hierdie storie! Teken of skryf dan drie dinge wat jy kan doen om jou liefde vir Hemelse Vader te toon.

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertalings goedkeuring: 6/16.
Vertaling van *First Presidency Message, September 2016*. Afrikaans. 12869 501.

# Ouerskap Is ’n Heilige Plig

Geloof, Familie, Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal met gebed, en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van "Die Familie: 'n Aankondiging aan die Wêreld" jou geloof in God vermeerder asook diegene waaroor jy waak deur vroue besoek? Vir meer inligting, gaan na* ***reliefsociety.lds.org****.*

Ons Hemelse Vader het families geskep, om ons te help om korrekte beginsels in ’n liefdevolle atmosfeer te leer. President Thomas S. Monson het gesê: "Gee jou kind ’n kompliment en ’n drukkie, sê meer 'Ek is lief vir jou'; wys altyd jou dankbaarheid. Moet nooit toelaat dat ’n probleem wat opgelos moet word, meer belangrik word as ’n persoon wat liefde nodig het nie."[1]

Susan W. Tanner, voormalige Jong Dames algemene president, het geleer: "Ons Vader in die Hemel is die voorbeeld wat ons moet volg. Hy het ons lief, Hy leer ons, Hy is geduldig met ons, en Hy vertrou ons toe met ons agentskap. . . . Somtyds word dissipline, wat beteken 'om te leer,' met kritiek geassosieer. Kinders — asook mense van alle ouderdomme — verbeter hulle gedrag meer met liefde en aanmoediging, as deur fout vind.[2]

Ouderling Quentin L. Cook van die Kworum van die Twaalf Apostels, het gesê "Indien ons getrou familie gebed hou, die geskrifte bestudeer, familie tuis aand hou, priesterskap seëninge ontvang en die Sabbat dag heilig hou, sal ons kinders voorbereid wees vir ’n ewige tuiste in die hemel, ongeag wat ons in ’n moeilike wêreld beval nie."[3]

### Addisionele Skrifgedeeltes

1 Nefi 8:37; 3 Nefi 22:13;
Leer en Verbonde 93:40; 121:41

### Lewende Stories

Ouderling Robert D. Hales van die Kworum van die Twaalf Apostels het gesê: "Ek was besig om die koerant te lees, toe een van my jong kleinsuens langs my kom opkrul het". "Soos wat ek gelees het, was ek so bly om sy soet stemmetjie, in die agtergrond te hoor. Jy kan my skok verstaan, toe hy ’n paar oomblikke later homself tussen my en die koerant indruk. Hy het my gesig in sy hande geneem en sy neus teen myne gedruk en gevra, 'Oupa! Is jy daar binne?'

" . . . Om *daar* te wees, beteken om die harte van ons jeug te verstaan en om met hulle ’n verbandskap op te bou. En om met hulle ’n verbandskap te ontwikkel, is nie net om met hulle te gesels nie, maar ook om dinge saam met hulle te doen. . . .

"Ons moet beplan en gebruik maak van leer oomblikke. . . .

". . . Hoe langer ek leef, hoe meer erken ek dat die leer oomblikke van my jeug, veral die wat deur my ouers voorsien is, my lewe gehelp vorm het en my die persoon wie ek is, gemaak het.[4]

**NOTAS**

1. Thomas S. Monson, "Liefde by die Huis — Raad van die profeet," *Liahona,* Aug 2011, 4.
2. Susan W. Tanner, "Het Ek Jou Vertel . . .?" *Liahona,* Mei 2003, 74.
3. Quentin L. Cook, "Die Here Is My Lig," *Liahona,* Mei 2015, 64.
4. Robert D. Hales, "Ons Plig Teenoor God: Die Missie van Ouers en Leiers teenoor die Opkommende Generasie," *Liahona,* Mei 2010, 96, 95

### Ter Oorweeging

Hoekom word die evangelie op die beste manier geleer deur die taal en voorbeeld van liefde?"

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/16. Vertalings goedkeuring: 6/16. Vertaling van *Visiting Teaching Message, September 2016.* Afrikaans. 12869 501